DIE STRYD TUSSEN LIG EN DUISTERNIS III

Maleagi 2:17 "Julle vermoei YHWH met julle woorde. Nogtans vra julle: Waarmee vermoei ons Hom? Deurdat julle sê: Elkeen wat kwaad doen, is goed in die oë van YHWH, en in hulle het Hy 'n behae; of waar is anders die God van die reg?"

Van wie praat YHWH deur Maleagi, as Hy sê: " julle sê: Elkeen wat wat kwaad doen, is goed in die oë van YHWH," ? Kom ons kyk wat die antwoord van die Woord is. In Maleagi 1:3 lees ons: " maar Esau het Ek gehaat en sy gebergte 'n wildernis gemaak en sy erfdeel aan die jakkalse van die woestyn prysgegee." Esau, wat ondertrou het met die Hetiete, se nageslag was die Edomiete, dus het Jashua die bynaam van die Edomiete gebruik toe Hy na Herodus Antipas verwys het as "daardie jakkals".(Luk.13:32)

Uit die geskiedenis weet ons verder dat die Tempel wat Herodus(bo-genoemde een se pa) gebou het en Jerusalem totaal verwoes is in 67 N.C. en dat die oorblywende Jode in 113 N.C. verban is uit Palestina. Hierdie gebeure was natuurlik as gevolg van die gramskap van YHWH oor die moord op Sy Seun. Nou lees ons egter in Maleagi 1:4 dat Edom sê: "Ons is wel verwoes, maar ons sal die puinhope weer opbou-." Hulle kry dit toe wel reg deur die Balfour deklarasie, deel van hulle intrige en bedrog gedurende die tweede wêreld oorlog, toe die Jode,soos hulle vandag bekend staan, Engeland belowe het dat hulle Amerika sal laat toetree tot die oorlog in ruil vir die toe-gewing om terug te keer na Palestina.

Maar YHWH sê verder in vers vier: "Laat hulle bou, Ek breek dit tog af; en die mense sal hulle noem: . Grondgebied van goddeloosheid, en: Die volk waarop YHWH vertoornd is tot in ewigheid!(5) En julle oë sal dit aanskou, en julle sal sê: Groot is YHWH oor die gebied van Israel!" Luk.19:27 "Maar daardie vyande van my wat nie wou hê dat ek koning oor hulle sou wees nie, bring hulle hier en slaan hulle voor my dood."

Om dan nou die persepsie te hê dat die Jode die uitverkore volk is, soos wat die kerke en die westerse volke later van jare begin glo het, sal, so glo ek, vir Israel in Suid-Afrika net nadelige gevolge hê. Dus wanneer ons heilige vierdae ter ere van YHWH wil hou, moet ons baie seker maak dat ons nie ons Vader affronteer soos Israel van ouds en in die skande kom, om nie die volgende oor te kom nie,soos Hy sê in Mal.2:3; "en Ek sal mis op julle gesigte strooi, die mis van julle feeste;" Want Israel het destyds die dogter van 'n uitlandse god getrou, die Edomiete, en sy voorskrifte gevolg.(Mal.2:11) (Baäldiens?)

In Mal.1:6 lees ons hierdie pragtige woorde: "'n Seun eer die vader, en 'n kneg sy heer.(Baäl) As Ek dan 'n Vader is, waar is My eer?" Hy gaan voort en sê: "o priesters,wat my naam verag!" en as hulle vra waardeur hulle Sy naam verag dan antwoord hulle Vader in Mal.1:7 so: "Julle bring spys wat verontreinig is, op My altaar,". Israel het van Sy insettinge afgewyk en word aangemaan om terug te keer, maar hulle weet nie eers meer waar hulle verkeerd is nie.(Mal. 3:7) Maar dan kry hulle die antwoord in Mal.3:8 "Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawes."

Hier verwys hulle Vader spesifiek na die huttefees, maar hoe hulle Hom beroof en waar hulle verkeerd gaan, daaroor moet goed nagedink word want dit raak ons ook.

2/....

Hierdie probleme het begin in die tyd van Salomo wat afgodery ingevoer het,(I Kon.11:1-8) en ons lees later dat Jerobeam wat oor Israel regeer het selfs die feesdae na die herfs verskuif het.(I Kon.12 :32) Nou as ons die offers van feeste bestudeer sal ons sien dat in die geval van kleinvee, die voorskrif en 'n vereiste was, dat hulle van jaaroud-lammers gebruik moes maak, en spesifiek rammetjies vir die pasga, brandoffers en sondoffers.(Ex.12:5,Ex.29:16 en 38,Num.29:13)

Nou met die wete dat paartyd in die herfs was en met 'n dragtige tydperk van vyf maande vir kleinvee was die lamtyd in die vroeë lente vanaf die end van die elfde maand tot die end van die eerste maand. So as die huttefees na die herfs verskuif word dan sal die ramlammers wat nou 'n jaar en ses maande oud is in paartyd bekwaam genoeg wees om by die ooie te kom. Die oplossing hiervoor is om hulle uit te keer weg van die trop af, wat gewoonlik 'n fisiese vangwerk beteken of kastrasie. Nou lees ons in Maleagi 1:13-14 dat dit presies is wat gebeur het. In vers 13 lees ons dat hulle bring geroofde,lam,en siek diere; Geroofde diere beteken diere wat met geweld afgekeer word en in vers 14 lees ons ook van die bedrieër wat manlike diere bring wat vermink is, m.a.w. gekastreer, 'n praktyk wat die omliggende volke toegepas het maar wat nie in die grondgebied van Israel toegelaat is nie.

Hierdie diere was vir YHWH nie aanvaarbaar nie, dit was spys wat verontreinig is.(Mal.7:1) Dan sê YHWH in Maleagi 4:4 "Dink aan die wet van Moses, my kneg, wat ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel- insettinge en verordeninge." So lees ons dan in Lev.15:16-18 dat saadvloeiing 'n man onrein maak en dit is hoekom Israelmans gedurende feestye nie omgang met vroue gehad het nie, so lees ons ook in Deut.23:1 dat 'n ontmande persoon nie in die vergadering van YHWH mag kom nie. Dus sou dit wys wees om terug te keer na die oorspronklike voorskrifte voor dit deur die fariseers gewysig is, want ons lees in Maleagi 2:8 "Want julle het van die weg afgewyk, julle het baie deur jul onderrig laat struikel, julle het die verbond met Levi verbreek, sê YHWH van die leërskare." Die verbond met Levi was: "die lewe en die vrede" en "Betroubare regsleer was in sy mond," (Mal.2:5-6)

Hierdie woorde was ongeveer 2500 jaar gelede aan die priesters gerig deur YHWH deur sy profeet Maleagi, en daarna het Esra,nadat die tempel herbou is,weer die volk wat teruggekeer het die regte pad geleer maar 377jaar na Esra lees ons in Matt.15:14 dat Jahshua sê: "Laat hulle staan; hulle is blinde leiers van blindes. En as 'n blinde 'n ander blinde lei, sal altwee in die sloot val." Dit het Hy gesê van die priesters van Sy dag. Dit was tyd vir 'n nuwe verbondsteken, die een waarvan Jesaja profeteer in Hoofstuk 8:16 "Bind die getuienis toe, verseël die wet in die hart van my leerlinge."(dissipels)

As ons hierdie dinge moet opsom, dan sien ons dat die godsdienstige leiers,dwarsdeur die eeue,die volk van die wal in die sloot gelei het. Daarom is dit noodsaaklik dat ons selfstudie moet doen sodat niemand ons op 'n verkeerde pad kan lei nie. Eet Sy Woord, die Lam van YHWH, en die Wet word verstaanbaar in ons verstand gegee en op ons harte geskrywe, en Hy sal vir ons 'n God wees en ons sal vir Hom 'n volk wees. (Jer.31:32; Heb.8:10) Openb.5:9 "want U is geslag en het ons vir God met U bloed gekoop." Prys YHWH.

3/....

Ons in Suid-Afrika sal dus nie 'n pasgalam kan slag nie, al wou ons ook; want Hy, die Voorsienigheid,het ons in die Suidelike-halfrond geplant wat hierdie dinge uitsluit, maar ons is bewus in ons hart wat I Petrus 1:18-19 sê: "omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie,(19) maar deur die kosbare bloed van Jahshua, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos." (maagdelik rein Openb.14:4)

Die feesdae moet ons egter bestudeer, en waar moontlik hou as Heilige vierdae, want daardeur kan ons kennis bekom vir ons eie heil. Hieronder skets ek net die begin van 'n jaar soos ek dit verstaan.

Hierbo sien ons Jesaja 29:1 in beeld: "Wee Ariël, Ariël, stad waar Dawid laer opgeslaan het!(Jerusalem) Voeg jaar by jaar; laat die feeste hulle kringloop volbring—(2) dan sal Ek Ariël(Jerusalem) benoud maak, en daar sal geklaag en geklag wees, en dit sal vir My soos Ariël(vuurherd) wees."

Hierbo sien ons dan die agste dag, wat verbind is aan die eerste dag deurdat die dag gedeelte van die agste dag dieselfde lengte in tyd het as die nag gedeelte van die eerste dag, wat dan figuurlik gesproke 'n geheime(weggesteekte) dag vorm. Op hierdie dag het die heerlikheid(some) van YHWH die tabernakel vervul, 'n wolk in die dag en vuur was in die nag daarin.(Ex.40:38) Die teenwoordigheid van YHWH het Israel, die tent, die tabernakel, die priesters en die twee dae(Oujaarsdag en Nuwejaarsdag) geheilig en YHWH het by Sy volk gewoon en was hulle God.(Ex.29:43-46)

Die besnydenis was die herinneringsteken van die verbond wat YHWH met Abraham(hy was bekend met die wette) en sy nageslag gemaak het en wat as huweliksverbond bevestig is met bloed by die berg Sinai. (Ex.24:1-8) Die feit dat die besnydenis op die agste dag plaasgevind het, was 'n verwysing na die agste hierbo; dit was die dag waarop die wet aan die einde(wisseling) van die jaar gelees moes word.(Deut.31: 10-11) Dit was op die feesdag van die Tabernakel net na die sewedaagse fees van insameling wat bekend geword het as die huttefees omdat Israel hierdie tyd in hutte moes bly om die uittog uit Egipte te gedenk. Die oesfees was gekoppel aan die feesdag van die Eerstelinge en was ook 'n sewedaagse fees. Exodus 34:21 " In die ploegtyd(huttefees) en in die oestyd(eerstelingfees) moet jy rus." 'n mens kan die hoofoffers as volg koppel aan die feesdae: Huttefees, dankoffers; Tabernakelfees, brandoffers; Nuwejaarsdag, brandoffers; Versoendag, sondoffers; Pasga en ongesuurde brode(twee dae), heilige offers; Fees van Eerstelinge, spysoffers. Hier kan 'n mens sien dat daar net sewe ekstra heilige vierdae was, wat vandag as 'n sabbat gevier kan word.

4/....

Deur die verskuiwing van die feeste, Nuwejaarsdag, Versoendag en en die Huttefees,na die herfsewening het die verkeerde geslag, wat deur die fisiese besnydenis toegang verkry het en deel geword het van Israel, dit reg gekry om die volk van YHWH te vervreem van hulle Skepper en Vader; Daarvan getuig die lammers van Maleagi.

Mal.2:16 "Want kyk Ek haat egskeiding, sê YHWH, die God van Israel, en dat 'n mens sy kleed met geweldpleging bedek, sê YHWH van die leërskare. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou nie." Deur die priesters se verkeerde leer het YHWH hulle seëninge in 'n vloek verander.(Mal.2:2)

Mal.3:1 "KYK, Ek stuur My boodskapper(Elia) wat die weg voor My uit sal baan;" Die woord Elia beteken "God van YHWH" Die woord Elia in verlengde vorm: " Die Wet en die profete wat die krag van YHWH is." YHWH stuur Sy Seun(die steen wat die bouers verwerp het),die Woord, waardeur alle dinge ontstaan het,(Joh.1:1-3) en deur hierdie ingryping is die wet in ons harte geplaas.

So lees ons dus in Markus van Sy verheerliking op 'n hoë berg waar Hy in gesprek met Moses en Elia was. Hierdie gebeure het "na ses dae" plaasgevind en Petrus wou dadelik "drie hutte maak" want hy was verskrik. Maar toe kom 'n stem uit die wolk wat sê: "Dit is My geliefde Seun, luister na Hom!"(Mark.9:2-7) Markus wat twee Evangelies geskryf het, het in hierdie Evangelie verskuilde boodskappe vir ons gegee en ons moet dit self ontsyfer deur die Woord te bestudeer met behulp van die Heilige gees.

Jahshua het Sy dissipels deur voorbeeld en woorde opgelei om die boodskap van die Koninkryk na die verlore skape van Israel te bring. Hierdeur en deur Sy groot versoeningsdaad aan die kruis het Hy die hart van die vaders teruggebring na die kinders, en die hart van die kinders tot die vaders.(Mal.4:6)

En na ses dae sal: Mal.3:1 "dan sal skielik na Sy tempel kom, Jahshua na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê YHWH van die leërskare."